
SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2023

# NASIENRIGLYNE

**EKONOMIE VRAESTEL 1 (10731)**

**22 bladsye**

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1**

1.1 **MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

1.1.1 D – toename in die nasionale inkomste ✓✓

1.1.2 A – sloerende ✓✓

1.1.3 C – verkoop produkte en koop produksiefaktore ✓✓

1.1.4 B – handelsbalans ✓✓

1.1.5 C – sanksies ✓✓

1.1.6 A – Spesiale Ekonomiese Sone ✓✓ B–Nywerheidontwikkeling Sone ✓✓

1.1.7 B – Maputo-ontwikkelingskorridor ✓✓

1.1.8 D – ruilvoet ✓✓ (8 x 2) (16)

1.2 **PAS ITEMS**

1.2.1 G – ekonomiese aktiwiteit op sy laagste ✓

1.2.2 F – totale besteding aan goedere en dienste in die ekonomie ✓

1.2.3 A – die afwesigheid van buitensporige fluktuasies in die BBP van 'n land ✓

1.2.4 D – 'n wêreldorganisasie wat lande bystaan met betalingsbalans-probleme ✓

1.2.5 E – sleutelinstelling in die kapitaalmark in Suid-Afrika ✓

1.2.6 H – 'n oorsaak van veranderinge in tegnologie ✓

1.2.7 I – baie belangrike infrastruktuur en tegnologie wat groot innoverende oorvloei-effekte veroorsaak

1.2.8 C – verbetering in die welstand en lewenskwaliteit van mense ✓ (8 x 1) (8)



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.3 **GEE DIE TERM**

1.3.1 Residuele item ✓

1.3.2 Ekstrapolasie ✓

1.3.3 Kapitaaloordragrekening ✓

1.3.4 Invoervervanging ✓

1.3.5 Kapitaalverdieping/Kapitaal-intensiewe produksie ✓

1.3.6 Ekonomiese kerngebied (nodus)/Spesiale Ekonomiese Sone/Nywerheids-ontwikkelingsone/Korridor/Stede ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**AFDELING B**

**Beantwoord enige TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.**

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 **Noem TWEE voorbeelde van reële vloeie binne die viersektormodel.**

- Goedere en dienste ✓
- Invoer van goedere en dienste ✓
- Uitvoer van goedere en dienste ✓
- Produksiefaktore ✓
- Openbare goedere en dienste ✓ (2 x 1) (2)

2.1.2 **Hoe moedig vergelykende voordeel die produksie van gespesialiseerde goedere aan?**

- Lande sal spesialiseer in goedere waar hulle vergelykende voordele inhou, daarom kanaliseer alle hulpbronne en navorsing om die produk te verbeter en geniet skaalekonomie. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)** (1 x 2) (2)

2.2 **DATA RESPONS**

2.2.1 **Noem EEN fiskale maatreël om ekonomiese aktiwiteit tydens ’n resessie te verhoog.**

- Verminder belasting ✓
- Verhoog staatsbesteding ✓ (1)

2.2.2 **Watter denkrigting stel eksterne skokke voor as redes vir sakesiklusse?**

- Eksogene/Monetaristiese siening ✓ (1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die term *monetêre beleid.***

- Die benadering wat ’n land se sentrale bank volg om besteding in ’n ekonomie te beïnvloed deur die rentekoerse en die geldvoorraad te beheer. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)** (2)



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.2.4 **Wat is die verwantskap tussen werkloosheid en inflasie in die Phillips-kromme?**

- ʼn Verlaging in werkloosheid sal ʼn toename in inflasie veroorsaak as gevolg van die verhoogde hoeveelheid besteding deur mense wat voorheen werkloos was. ✓✓
- Indirekte/inverse verhouding bestaan wanneer werkloosheid afneem en inflasie toeneem.✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)** (2)

2.2.5 **Hoe kan die verhoging van rentekoerse ekonomiese groei vertraag?**

- Wanneer sentrale banke rentekoerse verhoog, verminder dit die vraag na goedere en dienste. ✓✓
- Dit kan daartoe lei dat maatskappye minder aanstel of hul werkers afdank wat moontlik tot ʼn resessie kan lei. ✓✓
- Om geld te leen word duurder en die koste om sake te doen, styg. ✓✓
- Met die verloop van tyd kan hoër koste en minder besigheid laer inkomste en verdienste vir firmas beteken, wat moontlik hulle groeikoers sal beïnvloed. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)** (4)

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Wie bestuur wisselkoersbeleide in Suid-Afrika?**

- Die sentrale bank/Suid-Afrikaanse Reserwebank ✓ (1)

2.3.2 **Watter diagram hierbo verteenwoordig ʼn toename in die aantal toeriste van die VSA na Suid-Afrika?**

- Diagram A ✓ (1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die term *buitelandse valutabeheer.***

- Buitelandse valutabeheer beheer die maatreëls wat deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank getref word oor die aankoop van buitelandse valuta. ✓✓
- Beperkings wat deur sommige owerhede toegepas word om die plaaslike of buitelandse verkoop of koop van buitelandse valuta te verhoed of te verminder ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)** (2)

2.3.4 **Hoe kan die SARB ʼn ondergewaardeerde geldeenheid regstel?**

- Wanneer die geldeenheid onderwaardeer is, kan rentekoerse verlaag word om ʼn uitvloei van buitelandse valuta te veroorsaak en oortollige likiditeit uit die ekonomie te dreineer en inflasiedruk vry te stel. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)** (2)



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.3.5 **Verduidelik die impak op die rand as die aantal toeriste van Suid-Afrika na die VSA afneem. Gebruik die inligting in die diagramme om jou antwoord te bewys.**

- 'n Afname in die hoeveelheid toeriste van Suid Afrika na die VSA sal 'n afname in die vraag na dollars tot gevolg hê. Dus sal die aanbod dollars van VSA na Suid Afrika verminder. ✓✓
- Die verminderde aantal toeriste sal die aanbodkurwe van A1 na A2 verskuif. ✓✓
- Gevolglik sal die ewewigshoeveelheid van die dollar van 16 tot 12 verminder. ✓✓
- Die aanvanklike wisselkoers was $:R16 teen hoeveelheid 16 dollar, maar die afname in die vraag na die dollar het die waarde van die dollar verhoog tot $:R17 teen 'n hoeveelheid van 12 vir die dollar. ✓✓
- Die wisselkoers sal styg namate die rand teenoor die dollar depresieer. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)** (2 x 2) (4)

2.4 **Verduidelik kortliks reële sakesiklusse sonder die gebruik van 'n grafiek.**

- 'n Reële sakesiklus word verkry wanneer die uitwerking van onreëlmatige gebeure, seisoene en langtermyngroeineigings uit tydreeksdata verwyder word. ✓✓
- Reële sakesiklusskommelings is die gevolg van eksogene veranderinge in die werklike ekonomiese omgewing. ✓✓
- Eksogene faktore, soos tegnologiese vooruitgang, veroorsaak fluktuasies in reële uitset (aanbod). ✓✓
- Sulke aanbodkantskokke in die produksiefunksie veroorsaak fluktuasies van uitset en indiensneming. ✓✓
- Dit veroorsaak die toename en afname van die ekonomiese aktiwiteite wat in 'n ekonomie plaasvind, dit wil sê die uitbreiding en resessie van die ekonomie. ✓✓
- Willekeurige tegnologiese veranderinge veroorsaak permanente uitwerking op potensiële uitset. Met ander woorde, BBP word deur hierdie skommelinge beïnvloed. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)** (4 x 2) (8)

2.5 **Hoe kan 'n toename in die bruto binnelandse produk (BBP) die vermenigvuldiger beïnvloed?**

- 'n Hoër BBP verwys na hoër inkomstevlakke, hoër besteding/vraag en positiewe ekonomiese groei. ✓✓
- Daar sal hoë vlakke van belegging en bykomende inkomste vir verbruikers wees. ✓✓
- Dit sal lei tot 'n hoër mvg in die ekonomie. (Verbruikers is geneig om bykomende inkomste te bestee.) ✓✓
- Bv. vir elke ekstra R100, sal die verbruikers bereid wees om 'n hoër gedeelte te bestee, dit wil sê R70, wat lei tot 'n mvg van 0,7. ✓✓
- Hierdie toename in inkomste/besteding sal 'n sneeubaleffek hê, dit wil sê, 'n selfs hoër BBP. ✓✓ (8)

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)** **[40]**



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES**

3.1 Beantwoord die volgende vrae

3.1.1 **Noem TWEE voorbeelde van SETA's in Suid-Afrika.**

- Landbousektor Onderwys en Opleiding Owerheid (AgriSETA) ✓
- Banksektor Onderwys – en Opleidingsowerheid (BANKSETA) ✓
- Chemiese Nywerhede Onderwys en Opleiding Owerheid (CHIETA) ✓
- Konstruksie Onderwys – en Opleidingsowerheid (CETA) ✓
- Kultuur, Kuns, Toerisme, Gasvryheid en Sport Sektor Onderwys en Opleiding Owerheid (CATHSSETA) ✓
- Onderwys, Opleiding en Ontwikkelingspraktyke Sektor Onderwys en Opleiding Owerheid (ETDP SETA) ✓
- Energie- en Watersektor Onderwys – en Opleidingsowerheid (EWSETA) ✓
- Veselverwerking en -vervaardigingsektor onderwys – en Opleidingsowerheid (FP&M SETA) ✓
- Finansies en Rekeningkundige Dienste Sektor Onderwys en Opleiding Owerheid (Fasset) ✓
- Voedsel- en Drankvervaardigingsbedryfsektor Onderwys – en Opleidingsowerheid (FoodBev SETA) ✓
- Gesondheid en Welsyn Sektor Onderwys en Opleiding Owerheid (HWSETA) ✓
- Onderrig- en Opleidingsowerheid vir die versekeringsektor (Inseta) ✓
- Plaaslike Regering Sektor Onderwys en Opleiding Owerheid (LGSETA) ✓
- Vervaardiging, Ingenieurswese en Verwante Dienste Sektor Onderwys en Opleiding Owerheid (merSETA) ✓
- Media, Inligting en Kommunikasietegnologie Sektor Onderwys en Opleiding Owerheid (MICT SETA) ✓
- Mynboukwalifikasie-owerheid (MQA) ✓
- Openbare sektor Onderwys en Opleiding Owerheid (PSETA) ✓
- Veiligheid en Sekuriteit Sektor Onderwys en Opleiding Owerheid (SASSETA) ✓
- Dienste sektor Onderwys en opleiding owerheid (SSETA) ✓
- Vervoeronderwysopleidingsowerheid (TETA) ✓
- Groot- en kleinhandelsektor Onderwys en Opleiding Owerheid (W&RSETA) ✓ (2 x 1) (2)

3.1.2 **Hoe verbeter deregulering Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB)?**

- Dit sal gesonde mededinging binne die ekonomie skep en toegang tot meer swart mense wat werk, verhoog. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)** (1 x 2) (2)



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Noem EEN land wat 'n lid van SADU is.**

- Suid-Afrika ✓
- Namibië ✓
- Botswana ✓
- Lesotho ✓
- Swaziland ✓ (1)

3.2.2 **Uit hoeveel lande bestaan die SAOG?**

- 16 ✓ (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die term *handelsblok.***

- Handelsblokke is groepe lande wat reëls vir handel tussen alle deelnemende lande daarstel. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)** (2)

3.2.4 **Hoe beïnvloed tariewe op ingevoerde goedere binnelandse pryse?**

- Vir plaaslike produsente verhoog die invoertarief die prys van ingevoerde goedere, binnelandse pryse sal laer wees omdat die tariewe op ingevoerde goedere sal veroorsaak dat dit hoër is as binnelandse pryse. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)** (2)

3.2.5 **Hoe kan lande voordeel trek deur lede van 'n handelsblok te wees?**

- Daar sal 'n verskeidenheid goedere en dienste tussen lande wees. ✓✓
- Lande in SAOG geniet vrye handel. ✓✓
- Produksiefaktore kan vrylik tussen hierdie lande vloei. ✓✓
- Hulle kan besluit oor gemeenskaplike tariewe wanneer hulle handel dryf met ander lande wat nie deel van die SAOG is nie. ✓✓
- Indiensneming sal toeneem binne die handelsblok wat die lewenstandaard sal verbeter. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)** (2 x 2) (4)

3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Identifiseer EEN dwarsliggende kwessie van die geïntegreerde vervaardigingstrategie uit die inligting hierbo.**

- Tegnologie ✓ (1)

3.3.2 **Noem EEN rede vir nywerheidsontwikkeling.**

- Om werk te skep ✓
- Om die ekonomie te diversifeer ✓
- Om uitvoere te verhoog ✓
- Om makro-ekonomiese stabiliteit te skep ✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)** (1)



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.3.3 **Beskryf kortliks die term *privaat-openbare vennootskap.***

- Dit is ’n verhouding tussen die regering en die private sektor waar die kundigheid en doeltreffendheid en/of kapitaal van die private sektor gebruik word om sekere streke te ontwikkel. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)** (2)

3.3.4 **Wat is “ontwikkeling van-binne” in streeksontwikkeling?**

- Ontwikkeling van binne beteken dat elke streek vir sy eie ontwikkeling verantwoordelik sal wees. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)** (2)

3.3.5 **Hoe beïnvloed direkte buitelandse investering indiensneming in Suid-Afrika?**

- Direkte beleggings vind plaas wanneer buitelandse partye in Suid-Afrikaanse besighede belê, of wanneer Suid-Afrikaanse mense of besighede in buitelandse besighede belê. ✓✓
- Die belegging is ’n inspuiting in die plaaslike ekonomie, wat ’n vermenigvuldigingseffek het en ekonomiese groei in verskeie sektore van die ekonomie stimuleer. ✓✓
- Dit kan die vraag na meer arbeid veroorsaak – dit wil sê werksgeleenthede. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)** (2 x 2) (4)

3.4 **Bespreek kortliks *goeie bestuur* en *voorsiening van hulpbronne* as streeksontwikkelingsbeleide in terme van internasionale maatstafkriteria.**

<u>Goeie bestuur</u>

- Streeksontwikkelingstrategieë moet doeltreffend en vry van korrupsie bestuur word. ✓✓
- Demokratiese besluitneming, waar die sienings van verskillende rolspelers in ag geneem word, en in besluitneming in ag geneem word. ✓✓
- Deursigtigheid, waar vrye en oop verbintenisse bevorder word sodat rolspelers ’n gevoel van eienaarskap kry. ✓✓
- Finansiële bestuur en beheer waar hulpbronne nie vermors word nie en behoorlik verantwoord word. ✓✓

<u>Voorsiening van hulpbronne</u>

- Voldoende hulpbronne soos infrastruktuur en energievoorsiening moet in arm hulpbronstreke voorsien word om desentralisasie van industriële spilpunte te bevorder.✓✓
- Die verskaffing van genoeg sosiale hulpbronne soos onderwys en gesondheidsorg en voeding behoort die holistiese ontwikkeling vir streeksontwikkeling te wees.✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)** (2 x 4) (8)



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.5 **Evalueer die impak van die Nasionale Vaardigheidsontwikkelingstrategie (NVOS) op ekonomiese ontwikkeling sedert 1994.**

Suksesse van NSDS

- Individue wat by NSDS betrokke was, het kwalifikasies verwerf, werkservaring opgedoen en selfvertroue opgedoen om aansoek vir werk te doen. ✓✓
- Ongeveer 330 000 leerders is deur die Nasionale Vaardigheidsfonds befonds wat ʼn toename van 1,4 miljoen mense getoon het wat vaardighede van ontwikkeling ontvang het. ✓✓
- Die verhoging van die aanbod van halfgeskoolde arbeid en die verligting van armoede tot ʼn sekere mate in die prose. ✓✓
- Die groei van VOO-kolleges is bevorder wat die kritieke vaardigheidstekort aangespreek het. ✓✓

NSDS was nie suksesvol nie omdat:

- Alle SETAS produseer kwaliteitsgidse, maar hulle is nie bekend deur die publiek nie. Dit het die aantal leerlinge (student) verminder. ✓✓
- Vaardigheidsontwikkeling was ondoeltreffend in die informele sector. ✓✓
- TVET-kolleges het beperkte sukses behaal en werknemersvertroue het baie laag in TVET sektor gebly. ✓✓
- Die meeste geregistreerde ondernemings neem glad nie deel aan die vaardigheidsontwikkelingstelsel wat die doelstellings van NSDS in die gedrang gebring het nie. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)** (4 x 2) (8)

**[40]**

## VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 **Noem TWEE voorbeelde van kapitaalgoedere.**

- Gereedskap ✓
- Masjinerie ✓
- Geboue ✓
- Voertuie ✓
- Rekenaars ✓
- Konstruksietoerusting ✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)** (2 x 1) (2)

4.1.2 **Hoe beïnvloed massaproduksie internasionale handel?**

- Massaproduksie beteken die produksie van ʼn goed op ʼn groot skaal, kan surplushandel van goedere tussen lande vergemaklik en laat verbruikers toe om ʼn verskeidenheid goedere teen laer pryse te koop. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)** (1 x 2) (2)


SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Gee 'n ander term vir "vergoeding van werknemers".**

- Lone / Salarisse ✓ (1)

4.2.2 **Gee EEN voorbeeld van belasting op produksie.**

- Betaalstaatbelasting ✓
- Belasting op grond en geboue ✓
- Lisensiegelde ✓
- Seëls ✓
- Registrasiefooie ✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)** (1)

4.2.3 **Beskryf kortliks die term *faktorkoste.***

- Dit is die koste van die produksiefaktore (dit is arbeid, kapitaal, grond en onderneming). ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)** (2)

4.2.4 **Wat is die hoofdoel van subsidies op produksie?**

- Dit is om pryse onder die markvlak vir verbruikers te hou. ✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)** (2)

4.2.5 **Bereken die bruto binnelandse produk teen markpryse. Toon ALLE berekeninge.**

| | |
|---|---|
| Bruto toegevoegde waarde teen basiese pryse | 5 949 671 ✓ |
| Belasting op produkte | 704 144 ✓ |
| Minder: Subsidies op produkte | 15 469 ✓ |
| **Bruto binnelandse produk teen markpryse** | **6 638 346** ✓ |

(4)

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Watter inisiatief is in 2021 ingestel om vrye handel in Afrika te bevorder?**

- Afrika Kontinentale Vryhandelsgebied (AfCFTA) ✓ (1)

4.3.2 **Watter huidige Suid-Afrikaanse groei- en ontwikkelingsbeleid het ten doel om armoede teen 2030 uit te skakel?**

- Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) ✓ (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die term *globale mark.***

- Die mark waarin goedere en dienste van een land verhandel (gekoop of verkoop) word aan mense van ander lande. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)** (2)



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.3.4 **Waarom stel die Noorde min belang in die welsyn van die Suide?**

- Die Noorde stel hoofsaaklik belang in die goedkoop hulpbronne wat hulle van ontwikkelende lande in die Suide kan kry. ✓✓
- Hierdie uitbuiting is hul doelwit, daarom sal hulle nooit belangstel in die welsyn van die Suide nie. ✓✓
- Die verbetering van welsyn sal daartoe lei dat die Noorde nie hulpbronne teen goedkoop pryse kan kry nie. ✓✓
- Wanneer die Noorde buitelandse hulp verleen, sal daar voorwaardes/"*strings attached*" wees en dus groter verlies van ons natuurlike hulpbronne en vryheid. ✓✓
- As die Noorde die rykdom van die Suide erken, sal dit nie toegang tot hulpbronne en goedkoop arbeid hê nie. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)** (2)

4.3.5 **Hoe kan Afrika 'n belangrike globale speler word?**

- Afrikalande moet drastiese binnelandse strukturele hervormings onderneem om die voorsieningskapasiteit van die streek op te skaal deur digitale verbindings te verbeter, en fundamentele instellings van wetlike raamwerke te hervorm. ✓✓
- Diversifiseer handel met Asië: Asië se groeiende middelklas en sy aansienlike aanvraag bied 'n geleentheid vir Afrika om handel met die streek uit te brei. ✓✓
- Verdieping van streeksintegrasie binne Afrika: Afrika suid van die Sahara se sukses in die globale mark berus op die verdieping van streeksintegrasie om voorsieningskapasiteit op te skaal en streekswaardekettings te bou. ✓✓
- Daar is 'n behoefte om eensydige handelsvoorkeure te integreer met ander pogings om handel en belegging tussen Afrikalande en gevorderde lande, hoofsaaklik die VSA en die EU te verdiep, om die strukturele uitdagings aan te spreek wat die streek se uitvoerkapasiteit beperk ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)** (2 x 2) (4)



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.4 **Bespreek *direkte beleggings* en *portefeuljebeleggings* as subrekeninge van die finansiële rekening in die Betalingsbalans.**

Direkte belegging

- Direkte buitelandse investering (BDI) verwys na belegging in vaste eiendom en die verkryging van 'n betekenisvolle aandeel (10%+) of die beheer van sodanige besigheid. ✓✓
- Direkte beleggings vind plaas wanneer buitelandse partye in Suid-Afrikaanse besighede belê, of wanneer Suid-Afrikaanse mense of besighede in buitelandse besighede belê. ✓✓
- Wanneer 'n buitelandse onderneming in 'n Suid-Afrikaanse onderneming belê, lei dit daartoe dat geld die land binnevloei. ✓✓
- So 'n inwaartse direkte belegging word as 'n las aangeteken omdat dit terugbetaal moet word. ✓✓
- Wanneer 'n Suid-Afrikaanse besigheidspersoon in 'n besigheid in 'n vreemde land belê, lei dit daartoe dat geld uit die land vloei. ✓✓
- So 'n uitwaartse direkte belegging word as 'n bate aangeteken omdat die entiteit wat verkry word, 'n inkomste vir Suid-Afrikaanse beleggers sal genereer. ✓✓ (Maks. 4)

Portefeuljebeleggings

- Verwys na die aankoop van finansiële bates soos aandele in maatskappye op die aandelebeurs van 'n ander land. ✓✓
- Hierdie beleggings is hoogs likied, en hul vloei kan enige tyd omgekeer word. ✓✓
- Portefeuljebeleggingsgeld staan ook bekend as 'warm geld'. ✓✓
- Die belegger stel slegs belang in finansiële opbrengste uit die belegging in aandele en nie in die bestuur van 'n besigheid nie. ✓✓
- Wanneer buitelandse mense of besighede aandele op die JSE of staatseffekte koop, lei dit daartoe dat geld die land binnevloei. ✓✓
- Hierdie geld moet egter op 'n stadium terugbetaal word, daarom word dit as 'n las aangeteken. ✓✓
- Wanneer Suid-Afrikaners aandele koop in maatskappye wat op buitelandse beurse genoteer is of buitelandse staatseffekte koop, lei dit tot 'n uitvloei van geld. ✓✓
- Wanneer Suid-Afrikaners eienaarskap van buitelandse aandele of effekte verkry, word die aankope as bates aangeteken. ✓✓ (Maks. 4)

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)** (8)



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.5 **Ondersoek Suid-Afrika se pogings om ongelykheid in die land te verminder.**

- Suid-Afrika het gefokus op hoër maatskaplike besteding, geteikende regeringsoordragte en regstellende aksie as pogings om armoede onder die voorheen gemarginaliseerdes te verminder. ✓✓
- Tans ontvang meer as 18 miljoen mense 'n toelae van die staat. ✓✓
- 'n Progressiewe belastingstelsel is in plek om hoër inkomstegroepe teen hoër belastingkoerse te belas. Hierdie inkomste word as 'n herverdelingsmetode gebruik. ✓✓
- Die billike aandeelformule wat gebruik word om oordragte na provinsiale en plaaslike regeringsfere te bepaal, bevat 'n armoedekomponent as 'n herverdelingsmaatreël. ✓✓
- Die 'maatskaplike loon' is gebruik as 'n herverdelingsmeganisme van die staatsbegroting doelbewus daarop gemik om die lewens van die armes te verbeter en hul lewenskoste te verlaag. ✓✓
- Dit is bereik deur onder meer gratis primêre gesondheid sorg; skole wat geen fooi betaal nie; ouderdom- en kinderondersteuningstoelaes; behuising; en gratis basiese dienste (water, elektrisiteit en sanitasie) aan arm huishoudings. ✓✓
- Ten spyte van hierdie pogings het ongelykheid hoog gebly. ✓✓
- Volgens die Laffer kurwe/gini koeffisient is SA se inkomste verdeling hoogs ongelyk✓✓
- Inkomsteverdeling bly hoogs ongelyk. ✓✓
- Die top 20 persent van die bevolking hou meer as 68 persent van inkomste (vergeleke met 'n mediaan van 47 persent vir soortgelyke ontluikende markte). ✓✓
- Die onderste 40 persent van die bevolking hou 7 persent van inkomste. ✓✓
- Slegs 23% van die bevolking is deur grondhervorming beleid bevoordeel.
- Beduidende verskille bly oor streke heen. Inkomste per capita in Gauteng – die belangrikste ekonomiese provinsie wat uit groot stede soos Johannesburg en Pretoria bestaan – is byna twee keer die vlakke as wat in die meestal landelike provinsies soos Limpopo en Oos-Kaap gevind word. ✓✓
- Hoë werkloosheid is 'n groot faktor agter die ongelykheidsvlakke. ✓✓
- Ten spyte van verskeie werksgeleetheids inisiatiewe, vb EPWP, JIPSA, GEAR, is werkloosheid steeds die hoofoorsaak van ongelyke vlakke. ✓✓
- Suid-Afrika se werkloosheidsyfer is aansienlik hoër as in ander ontluikende markte, met jeugwerkloosheid van meer as 50 persent. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)** (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE**

- **Bespreek, in detail, die redes vir openbare sektor mislukking (koppel dit aan ’n tipiese probleem wat deur openbare sektorvoorsiening ondervind word).** **(26 punte)**
- **Ondersoek die praktiese uitvoerbaarheid van die mediumtermyn-bestedingsraamwerk in die Suid-Afrikaanse ekonomie.** **(10 punte)**

**INLEIDING**

Mislukking in die openbare sektor vind plaas wanneer regeringsinmenging in die ekonomie lei tot ’n ondoeltreffende toewysing van hulpbronne en lei tot ’n algehele afname in ekonomiese welsyn. ✓✓
**(Aanvaar enige ander relevante inleiding.)** (Maks. 2)

**LIGGAAM**
**HOOFDEEL**

**<u>Bestuur mislukking</u>** ✓

Staatsdepartemente onderpresteer dikwels vir die volgende redes:

- Gebrek aan opleiding en ervaring. ✓✓
- Staatsamptenare word in diens geneem om ’n sekere rol te vervul, maar hulle het nie die regte opleiding, vaardighede en ervaring nie. ✓✓
- Dit word ’n vermorsing omdat hulle vergoed sal word vir die rolle wat hulle nie bevoeg is om te verrig nie. ✓✓
- Mense wat in parastatale werk, kan moontlik nie bestuursvaardighede hê nie en kan uiteindelik verkeerde beleide implementeer wat die openbare sektor kan laat misluk. ✓✓
- As die bestuur nie die besluite wat hulle geneem het, kan verduidelik en verduidelik hoe hulle die geld bestee wat aan hulle toegewys is nie, is hulle nie aanspreeklik nie en kan dit die gevolg wees van korrupsie, korrupsie lei tot ondoeltreffendheid wat tot mislukking in die openbare sektor lei. ✓✓
- Die staat het ’n staatsamptenaar in diens in die hoedanigheid van ’n rekenmeester, maar die werknemer het nie die vereiste kwalifikasies nie en is dus onder gekwalifiseerd vir hierdie rol. ✓✓
- Swak leierskap – mense in sommige bestuursposisies is nie in staat om hul personeel te motiveer, te mentor en te lei nie. ✓✓
- Werknemers neem die leiding van hul seniors en toon dieselfde gebrek aan vermoë of word gedemotiveerd in hul rolle. ✓✓
- Bestuursmislukking hou dus verband met doeltreffendheid as ’n probleem met voorsiening in die openbare sector. ✓✓

**(Twee punte vir ’n akkurate skakel-bewering wat ’n verduideliking van die mislukking van die openbare sektor insluit. Slegs verklaring van koppeling: 1 punt)**



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**<u>Apatie</u>** ✓

- Dit gebeur wanneer staatsamptenare belangeloos is, ’n gebrek aan entoesiasme het en onbevoeg is in hul rolle. ✓✓
- Wanneer staatsamptenare apaties is, daal hul produktiwiteitsvlakke wat swak dienslewering tot gevolg het. ✓✓
- Korrupsie en swak dienslewering is tekens van apatie en kan die oorsaak van swak aanspreeklikheid wees. ✓✓
- Parastatale werknemers het nie die belangstelling of kommer nie omdat hulle weet dat hulle betaal sal word selfs wanneer hulle onderpresteer. ✓✓
- Byvoorbeeld, ’n wyksraadslid ontvang die goedkeuring vir die bou van nuwe gemeenskaplike toilette in die plaaslike park, maar die bou van die toilette word vertraag omdat die vereiste papierwerk nooit by die boukontrakteur ingedien is nie. ✓✓
- Apatie is dus gekoppel aan doeltreffendheid as ’n probleem van voorsiening in die openbare sector. ✓✓

**(Twee punte vir ’n akkurate koppeling wat ’n verduideliking van die mislukking van die openbare sektor insluit)**

**<u>Burokrasie</u>** ✓

- Ingewikkelde reëls en prosedures kan lei tot ondoeltreffendheid in die openbare sektor en die openbare sektor kan dalk nie die goedere en dienste betyds aan die verbruikers verskaf nie. ✓✓
- Byvoorbeeld, as daar ’n elektrisiteitsfout by een of ander huis is, sal die staatsmaatskappy Eskom hul werkers stuur om die fout reg te stel en die werkers sal net daardie fout regmaak omdat hulle aangesê is om het dit reg te stel. Al is daar ’n fout in die buurhuis, sal hulle dit nie regmaak nie, maar hulle sal daardie fout nodig hê om aangemeld te word sodat hulle dit kan kom regmaak. ✓✓
- Dit beteken dat die parastatale nie betyds in die behoeftes van verbruikers kan voorsien nie as gevolg van die reëls en prosedures wat gevolg moet word wat tyd kan neem om dit klaar te volg. ✓✓
- Burokrasie is gekoppel aan tipiese probleme wat ervaar word deur die voorsiening van doeltreffendheid in die openbare sektor en die beoordeling van behoeftes. ✓✓

**(Twee punte vir ’n akkurate koppeling wat ’n verduideliking van die mislukking van die openbare sektor insluit)**

**<u>Gebrek aan motivering</u>** ✓

- Staatsamptenare word nie geëvalueer, erken of beloon vir uitnemendheid soos in die private sektor nie. ✓✓
- Staatsamptenare word nie geëvalueer, erken of beloon vir uitstekende diens deur hul kliënte nie, terwyl hul eweknieë in die private sektor dit wel doen. ✓✓
- Verder word werknemers in die private sektor dikwels aangespoor deur bonusse, toekennings, ens. vir uitstekende diens, terwyl werknemers in die openbare sektor dit nie kry nie. ✓✓
- Kliëntediens word ook nie as ’n prioriteit beskou nie. ✓✓
- Gebrek aan motivering skakel met tipiese probleme wat ondervind word deur die voorsiening van doeltreffendheid in die openbare sektor en die beoordeling van behoeftes. ✓✓

(**Twee punte vir ’n akkurate koppeling wat ’n verduideliking van die mislukking van die openbare sektor insluit)**



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**Politici** ✓

- Om hul politieke loopbane te verseker, kan politici in die versoeking kom om in hul persoonlike hoedanigheid op te tree eerder as in belang van die publiek. ✓✓
- Hulle kan dus projekte en beleide bevorder en goedkeur om stemme vir hul herverkiesing te verseker. ✓✓
- Hierdie projekte en beleide kan tot wanadministrasie of vermorsing of hulpbronne lei. ✓✓
- Gebrek aan aanspreeklikheid deur politici kan die gevolg wees van korrupsie en dit kan daartoe lei dat hulle nie die beloftes nakom wat hulle aan die gemeenskap gemaak het toe hulle hul veldtogte gevoer het nie. ✓✓
- Aangesien die politici nie aanspreeklik vir hul optrede is nie, mag hulpbronne weens korrupsie nie regverdig toegewys word nie. ✓✓
- Die Minister van Gesondheid keur byvoorbeeld ŉ kontrak vir ŉ inentingsprogram goed van ŉ maatskappy waar hy ŉ groot belanghebbende is sonder om hierdie inligting bekend te maak. ✓✓
- Politici word gekoppel aan aanspreeklikheid en doeltreffendheid, as probleme met openbare voorsiening. ✓✓

**(Twee punte vir ŉ akkurate koppeling wat ŉ verduideliking van die mislukking van die openbare sektor insluit. Slegs verklaring van skakel: 1 punt)**

**Strukturele swakhede** ✓

- Wanneer die staat die enigste diensverskaffer van ŉ goed of diens is en daar is ŉ onderaanbod, benadeel dit die doeltreffendheid van die hele ekonomie. ✓✓
- As die goeie of diens wat gelewer word van kritieke belang is vir die optimale funksionering van die ekonomie, en daar is probleme met die voorsiening daarvan sal alle rolspelers binne die ekonomie in die gedrang kom. ✓✓
- Dit sal verreikende negatiewe gevolge hê, wat veral ekonomiese groei kniehalter. ✓✓
- Eskom is byvoorbeeld die enigste diensverskaffer van elektrisiteit in Suid-Afrika en wanneer kragonderbrekings voorkom, het dit ŉ impak op die doeltreffendheid van die hele land. ✓✓
- Gekoppel aan aanspreeklikheid, doeltreffendheid en parastatale as probleme met openbare voorsiening. ✓✓

**(Twee punte vir ŉ akkurate bewering wat aaneenskakel en wat ŉ verduideliking van die mislukking van die openbare sektor insluit)**



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**<u>Spesiale belangegroepe</u>** ✓

- Huursoek is ʼn proses waar mense of besighede hulle beywer vir sekere aspekte in hul guns. ✓✓
- Vakbonde en ander organisasies probeer dikwels regeringsamptenare beïnvloed om in hul guns op te tree. ✓✓
- Spesiale belangegroepe se politieke lei tot meer staatsbesteding wat die staatsuitgawes vir die boekjaar onder druk plaas. ✓✓
- Stakings deur spesiale belangegroepe soos die Suid-Afrikaanse minibus-vereniging verminder die produksie van die ekonomie omdat mense nie alternatiewe vervoer werk toe sal hê nie. ✓✓
- Dit hou verband met doeltreffendheid as ʼn probleem in voorsiening in die openbare sektor. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte en relevante antwoord.)** (Maks. 26)
**(Twee punte vir ʼn akkurate bewering wat aaneenskakel en wat ʼn verduideliking van die mislukking van die openbare sektor insluit)**
**(Maksimum 8 punte om die redes aan die probleme van voorsiening in die openbare sektor aaneen te skakel)**
**(ʼn Maksimum van 8 punte moet toegeken word vir opskrifte en voorbeelde)**

**BYKOMENDE DEEL**

**Ondersoek die praktiese uitvoerbaarheid van die mediumtermynbestedings raamwerk in die Suid-Afrikaanse ekonomie.**

- Groter deursigtigheid van begrotings- en diensleweringsinligting vir die publiek. ✓✓
- Die beleidsdoelwitte en toewysing van hulpbronne word duidelik uiteengesit. ✓✓
- Op hierdie manier bemagtig dit die staat om prioriteite te bepaal en verandering te bewerkstellig. ✓✓
- Versterk die verband tussen beplanning en prioritisering, begroting en dienslewering in die land. ✓✓
- Verbeterde doeltreffendheid van openbare uitgawes en voorspelbaarheid van hulpbronvloei in die land. ✓✓
- Die soeke na groter doeltreffendheid in die bestuur van openbare hulpbronne om dienste meer effektief en regverdig te lewer. ✓✓
- Die versterking van die vennootskap tussen die regering en die private sektor om dienslewering en gehalte te verbeter. ✓✓
- Dit het tydens die pandemie duidelik geword dat sekere sektore ondoeltreffend en onderbestee is. ✓✓
- Daar was die afgelope paar jaar onderbesteding aan kapitaalprogramme. Die kapitaalbegrotings vir die toekoms is die resultaat van minder en onelastiese ondersoek/aanspreeklikheid van begrotings. ✓✓
- Munisipaliteite versuim om genoeg inkomste gedurende of binne die boekjaar in te vorder, wat die druk op MTEF verhoog. ✓✓
- Gebrek aan gehalte en tydige inligting deur provinsiale en plaaslike munisipaliteite aangesien slegs 16% van Suid-Afrika se 257 munisipaliteite ʼn skoon oudit deur die ouditeur-generaal vir die 2020 – 21-boekjaar ontvang het. ✓✓


SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



- Druk op die regering se loonrekeningplafon kan fiskale konsolidasiemaatreëls ondermyn. ✓✓
- Die regering moet oorweeg hoeveel hulle aan salarisse bestee, aangesien die loonrekening normaalweg die hoogste in die totale uitgawes is, en daar is pogings aangewend om dit te verminder, maar die arbeid en vakbonde is nie ten gunste van sulke optrede nie. ✓✓

(**Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.)** (Maks. 10)
**('n Maksimum van 2 punte sal toegeken word vir 'n blote lys van feite)**

**GEVOLGTREKKING**

Verhoogde deursigtigheid kan help om verandering in prestasie in die openbare sektor te lewer wat die deel van informasie verseker, en die publikasie of verspreiding van prestasie-inligting. ✓✓
**(Aanvaar enige ander hoër-orde gevolgtrekking.)** (Maks. 2)
**[40]**

**VRAAG 6**

- **Bespreek, in detail, Suid-Afrika se sosiale aanwysers. (26 punte)**
- **Hoe belangrik is produktiwiteit as 'n ekonomiese aanwyser? (10 punte)**

**INLEIDING**

Sosiale aanwysers beskryf die lewensomstandighede van mense in 'n land en meet die vlak van ontwikkeling in lewenstandaarde oor tyd. ✓✓ (Maks. 2)

**LIGGAAM**
**HOOFDEEL**

**Demografie aanwysers** ✓
**<u>Bevolkingsgroei</u>** ✓

- Die bevolking van Suid-Afrika word geskat op 60,6 miljoen teen die einde van Junie 2022. Tussen 2002 en 2022 het Suid-Afrika jaar-op-jaar 'n positiewe bevolkingsgroei beleef. ✓✓
- 'n Hoë bevolkingsgroei gekombineer met lae ekonomiese groei benadeel pogings om die gemiddelde lewenstandaard van die bevolking te verbeter. ✓✓
- Die meting van bevolkingsgroei is belangrik vir die lewering van maatskaplike dienste en vir die identifisering van die grootte van die belastingbasis (die totale aantal mense wat belasting betaal). ✓✓

**<u>Lewensverwagting</u>** ✓

- Aantal jare wat 'n pasgebore baba waarskynlik onder die heersende omstandighede sal leef. ✓✓
- Die lewensverwagting by geboorte vir 2021 is geskat op 59,3 jaar vir mans en 64,6 jaar vir vroue. ✓✓
- Kindersterftes is die aantal kinders per 1 000 geboortes wat voor die ouderdom van een jaar in 'n jaar sterf. ✓✓
- Die kindersterftesyfer vir 2021 word op 24,1 per 1 000 lewende geboortes geraam. ✓✓


SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**Voedings- en gesondheidsaanwysers** ✓

- Die lewenstandaard van die bevolking hou verband met die kwaliteit van voeding en gesondheid. ✓✓
- Hierdie aanwysers word deur die regering en ander instellings gebruik om gesondheidsverwante kwessies te ondersoek. ✓✓
- Wanvoeding word uitgedruk as ondergewig of dwergisme. ✓✓
- Dit dra by tot die risiko's van dood en voorkom kognitiewe ontwikkeling van kinders in SA. ✓✓
- Tussen 2018 en 2020 het die aantal mense wat in Suid-Afrika ondervoed is, 3,8 miljoen beloop, wat 'n toename vergeleke met vorige jare getoon het. ✓✓
- Oorgewig word geassosieer met vetsug in die kinderjare, diabetes, respiratoriese siektes, hoë bloeddruk en sielkundige afwykings. ✓✓
- Om oorgewig te wees, kan lei tot talle ongunstige gesondheidstoestande wat mense se vermoë om te werk en vir hulself te sorg beïnvloed. ✓✓
- Ongeveer 31% van mans en 68% van vroue in Suid-Afrika is vetsugtig. ✓✓

**Onderwys aanwysers** ✓

- Die lewenstandaard hou verband met die vlak van onderwys. ✓✓
- Onderwys beïnvloed direk die vlak van inkomste en lewenstandaarde vir die mense. ✓✓
- As die vlak van onderwys toeneem, sal meer mense werk kry, werkloosheid sal verminder en armoede sal afneem. ✓✓
- Die vlak van onderwys van die bevolking beïnvloed ook die land se vlak van produktiwiteit, mededingendheid en nasionale rykdom. ✓✓
- Openbare uitgawes: Die persentasie van die nasionale begroting wat op onderwys gerig is. ✓✓
- Die gemiddelde persentasie besteding aan die hoofbegroting was 20% – 25% oor die afgelope dekade. ✓✓
- Die gemiddelde besteding aan onderwys was 6,6% van die BBP in 2022. ✓✓
- Sekondêre inskrywing: Dit toon die persentasie van 'n ouderdomsgroep wat hoërskool bywoon. ✓✓
- In 2020 was die bruto inskrywingsverhouding vir hoërskoolleerlinge in Suid-Afrika ongeveer 102,1 persent. ✓✓
- Sekondêre onderwys word beskou as 'n minimum toelatingsvereiste tot indiensneming vir halfgeskoolde arbeid. ✓✓
- Primêre voltooiing: Die persentasie van 'n ouderdomsgroep wat primêre onderwys voltooi het, is 'n aanduiding van die doeltreffendheid van die onderwysstelsel. ✓✓
- In 2018 het die bruto primêre inskrywingsverhouding in Suid-Afrika 98,54 persent beloop. ✓✓
- Jong vroue is minder geneig om in diens te wees as jong mans, veral dié met laer vlakke van onderwys. Slegs 26% van die 25 – 34-jarige vroue met 'n laer sekondêre prestasie was in 2020 in diens, vergeleke met 41% van mans in Suid-Afrika. ✓✓
- Die impak van die pandemie op die ekonomie het kommer laat ontstaan oor die vooruitsigte van jong volwassenes, veral diegene wat die onderwys vroeër as ander verlaat. In Suid-Afrika was die werkloosheidsyfer onder 25 – 34-jariges met onder die boonste sekondêre prestasie 44,4% in 2020, 'n afname van 6 persentasiepunte teenoor die vorige jaar. ✓✓



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



- Onderwys is een van die metodes om armoede en ongelykheid in inkomste te verminder. ✓✓
- In Suid-Afrika het 15% van 25 – 34-jariges in 2020 ʼn tersiêre kwalifikasie gehad, vergeleke met 47% gemiddeld in OESO-lande. ✓✓

**Dienste aanwysers** ✓

- Basiese dienste soos behuising, water, sanitasie en elektrisiteit is belangrike faktore wat die lewenstandaard van mense in ʼn land aandui. ✓✓
- Elektrisiteit: die regering bevorder toegang tot elektrisiteit aan alle lede van die bevolking, ongeag of hulle in landelike of stedelike gebiede woon. ✓✓
- Suid-Afrikaanse burgers met elektrisiteitstoegang vir 2020 was 84,39%, ʼn afname van 0,61% teenoor 2019. ✓✓
- Vullisverwydering: In Suid-Afrika het die versameling van huishoudings se afval van 66,4% huishoudings in 2018 tot 61,5% huishoudings in 2019 afgeneem. ✓✓
- Suid-Afrikaanse huishoudings het toegang gehad tot vullisverwydering deur plaaslike regeringsdienste en stortingsterreine. ✓✓
- Watervoorsiening en sanitasie is ʼn doelwit van die SA regering vir alle mense om toegang tot skoon water en ʼn basiese funksionerende sanitasiestelsel te hê. ✓✓
- Na raming het 45,2% van huishoudings in 2021 toegang tot pypwater in hul wonings gehad. ʼn Verdere 29,4% het toegang tot water op die perseel verkry, terwyl 12,2% op gemeenskaplike krane staatgemaak het en 1,9% op bure se krane staatgemaak het. ✓✓
- Hoewel huishoudings se toegang tot water oor die algemeen verbeter het, moes 2,7% van huishoudings in 2021 steeds water uit riviere, strome, stilstaande waterpoele, damme, putte en fonteine gaan haal. ✓✓

**Aanwysers vir behuising en verstedeliking** ✓

- Behuising: om sosiale en ekonomiese voordele van behoorlike behuising te verseker, fasiliteer die regering huiseienaarskap deur middel van behuisingsubsidieskema en lenings van die private sektor. ✓✓
- Die HOP is ook ingestel om behuising aan voorheen benadeeldes te verskaf. ✓✓
- Verskeie behuisingsprojekte soos die People's Housing Process en die herontwikkelings van die koshuis is geïmplementeer om behuising aan sulke mense te verskaf. ✓✓
- Verstedeliking is die toename in bevolkingsgetalle van stedelike gebiede (stede en dorpe). ✓✓
- Suid-Afrika het in 2021 ʼn verstedelikingskoers van 73% gehad. Die verstedelikingskoers in Suid-Afrika het in 2021 op ʼn jaar-tot-jaar-grondslag met 1,4% gedaal. Tussen 2010 en 2021 het die aanwyser met 15,1% afgeneem ✓✓
- Oorsake van verstedeliking kan natuurlike groei in stedelike bevolking, migrasie in die vorm van landelik-stedelike migrasie of internasionale migrasie en stigting/vestiging van nuwe dorpe insluit. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)** (Maks. 26)
**(ʼn Maksimum van 8 punte vir opskrifte en voorbeelde)**



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BYKOMENDE DEEL**

**Hoe belangrik is produktiwiteit as ’n ekonomiese aanwyser?**

- Produktiwiteit verwys na hoeveel uitset met ’n gegewe stel insette geproduseer kan word. ✓✓
- Dit meet hoe doeltreffend produksie-insette, soos arbeid en kapitaal, in ’n ekonomie gebruik word om ’n gegewe vlak van uitset te lewer. ✓✓
- Produktiwiteit neem toe wanneer meer uitset met dieselfde hoeveelheid insette geproduseer word of wanneer dieselfde hoeveelheid uitset met minder insette geproduseer word. ✓✓
- Die vermoë van ’n land om sy lewenstandaard te verbeter, hang byna geheel en al af van sy vermoë om sy uitset per werker te verhoog (d.w.s. die vervaardiging van meer goedere en dienste vir ’n gegewe aantal werksure). ✓✓
- Die vier redes vir die produktiwiteit van ’n land is fisiese kapitaal, tegnologie, menslike kapitaal en natuurlike hulpbronne. ✓✓
- Arbeidsproduktiwiteit meet die uurlikse uitset van ’n land se ekonomie. ✓✓
- Kapitaalproduktiwiteit word gebruik om die doeltreffendheid van vaste bates te bepaal. Dit is ’n maatstaf van die hoeveelheid uitset tot die hoeveelheid fisiese kapitaal wat as inset gebruik word. ✓✓
- Materiaalproduktiwiteit is ’n maatstaf van die uitset wat gegenereer word tot die hoeveelheid insetmateriaal wat gebruik word. ✓✓
- Nuwe masjiene, tegnologieë en tegnieke is deurslaggewende faktore in die bepaling van produktiwiteit. ✓✓

**(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.)** (Maks.10)
**(’n Maksimum van 2 punte sal toegeken word vir ’n blote lys van feite)**

**GEVOLGTREKKING**

Sosiale aanwysers is die sleutel om die regering te help om oor toepaslike beleid te besluit wat kan help om ekonomiese ontwikkeling te bereik. ✓✓ (Maks.2)
**(Aanvaar enige relevante hoërorde gevolgtrekking.)** **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 150**



SA EXAM PAPERS